NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 44
20 November 2025

# Wie sien die mense in jou raak?

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die Kerstyd wat voorlê, is 'n tyd van liefde en vreugde, maar ook 'n tyd van *gee*. Kersgeskenke speel 'n belangrike rol en kom in vele vorme. Ons gee graag geskenke omdat ons ander wil bederf, maar ook om ons waardering uit te druk vir wat hulle vir ons beteken.**

Wanneer ons die Kersverhaal lees, word ons opnuut herinner aan die *Groot Geskenk* wat ons ontvang het. Die geboorte van Jesus Christus in 'n stal in Betlehem het ons van kleins af bekoor. Die wyse manne het geskenke vir Hom *gegee*: goud, wierook en mirre om hul toewyding aan God te betoon.

Kersfees word nêrens in die Bybel as 'n spesifieke feesdag genoem nie, maar Jesus se geboorteverhaal is prominent in die Evangelies van Matteus en Lukas. Op ander plekke in die Bybel word daar ook na Jesus se geboorte verwys.

*Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors* (Jes 9: 5, AFR53).

Wanneer ons bely dat Jesus Christus die middelpunt van ons geloof is, moet Hy ook die middelpunt van ons feesvieringe wees. Om hierdie Kerstyd betekenisvol te vier, het ons die geleentheid om ander te herinner aan die *Groot Geskenk.*

*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh 3: 16, AFR53).

Ons het elke Kerstyd, en eintlik elke dag, die wonderlike geleentheid om eerstens die geskenk van God se *liefde* uit te deel aan ander wat dit nodig het. Ons het ook die geleentheid om hierdie Kerstyd 'n geskenk van *hoop* te gee waar hoop ontbreek.

Kyk verder as jou familie en vriendekring en raak betrokke waar jy 'n verskil kan maak met jou tyd en teenwoordigheid. Die behoeftes in ons samelewing klop aan ons elkeen se deur.

Sien God raak in die mense wat jou pad daagliks kruis – skyn jou lig en laat jou manier van lewe hulle nuuskierig maak, sodat hulle ook deel wil wees van God se koninkryk hier op aarde.

*En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde* (1 Kor 13: 13, AFR53). Ons as gelowiges leef met die kennis van geloof in Jesus Christus, en die kennis van hoop en liefde. Nie almal het hierdie kennis nie en dit is 'n opdrag om die boodskap van geloof, hoop en liefde uit te dra in hierdie wêreld.

*Wie sien die mense in jou raak? Laat jy voetspore van hoop, liefde en omgee agter waar jy betrokke is?* Hulle sien God in jou raak waar jy uitreik en God se liefde bevestig, 'n liefde wat lei tot hoop, en hoop wat oorspoel in geloof!

Mag ons gebede, woorde en dade, hoe groot of klein of gering ook al, 'n impak hê om die ware gees van Kerstyd oop te sluit, sodat ons ander opnuut kan herinner aan die *Grootste Geskenk* van alle tye!

**Mari-lizé Beukes**
**Voorsitter: NHSV Hoofbestuur**

## Lief en leed



Ds Renier Lee

- **Ds Renier Lee** (emeritus) is gehospitaliseer en geskeduleer om 'n operasie te ondergaan om die kwaadaardige onderste lob van sy regterlong te verwyder. Die Kerk bid vir hom in die moeilike tyd en wens hom 'n spoedige herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 November, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 20 November: Prof J (Johan) Buitendag (emeritus), en ds CJA (Cornie) Pieterse (emeritus)
  - Saterdag 22 November: Dr PB (Piet) Boshoff (emeritus), di PR (Rudi) Janse van Rensburg (Swellendam), en LS (Lammert) van Rooyen (Lichtenburg-Oos)
  - Sondag 23 November: Di ME (Mariaan) Beukes (siekte-emeritaat), en HS (Henk) Joubert (Welgelegen-Pietersburg)
  - Maandag 24 November: Dr GJ (Gerhard) Niemann (Viljoenskroon), di JJ (Jacques) Pieterse (Laer Suidkus), en CAP (Neels) van Tonder (emeritus/Boksburg)
  - Dinsdag 25 November: Ds H (Hanri) Reichel (Olifantsfontein)
  - Donderdag 27 November: Ds MA (Michael) Müller (Potchefstroom-Studente)
  - Vrydag 28 November: Dr BJ (Barry) van Wyk (emeritus/Warmbad), en ds SH (Fanie) Willers (beroepafwagtend)

## Gemeentes en bediening

- Neem asseblief kennis van **Gemeente Dolfynkus** se nuwe adres waar ons **eredienste** plaasvind: Die Lyric Lounge Teater, Centre of Design, Moffatrylaan, Ballito. Eredienste vind om **08:30** plaas. Besoekers en vakansiegangers is welkom.



Dr Bernard Prinsloo

- **Dr CB (Bernard) Prinsloo** (Onverwacht) het die beroep na Gemeente Swartkop bedank.

- **Ds Geo Smit** (Potchefstroom-Suid) het onlangs **200 Bybels** (kwota van ds Johan Bezuidenhout) aan **graad 7-leerlinge van Primosa Primary** in Potchefstroom oorhandig. **Mev Ena van Eeden**, 'n personeellid van die skool wat aan die begin van 2025 hierdie projek begin beplan het, is onlangs onverwags oorlede. Dit was vir die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** 'n voorreg om een van haar laaste ideale in samewerking met ds Geo wat ook haar gemeentepredikant was, te kon verwesenlik. Ds Geo staan in Potchefstroom as die *Bible pastor* bekend. Almal kom soek en kry by hom 'n Bybel. Ons dank God vir mense soos hy wat só verkondig en saai.



- Die **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** het by hul gewone vergadering gehou op 6 en 7 November 2025 die **volgende besluite geneem**:

  - Die notule en **besluitebundel** van die **74ste AKV** gehou vanaf 6 tot 10 Oktober 2025 is goedgekeur en sal binnekort op die Kerk se webblad beskikbaar wees.

  - Die Kommissie wys **dr TF Dreyer** (Malelane) aan as lid van die **Proponentseksamenkommissie** nadat ds R Hopley onttrek het weens haar verkiesing tot die Kuratorium.

  - Die Kommissie neem kennis daarvan dat **mev Deirdré van der Merwe** haar aansoek om hertoelating teruggetrek het.

  - Die **Proponentsformule** word soos volg gewysig:



Dr Thomas Dreyer


Ds Hannes Jansen van Rensburg


Ds Susan van Schalkwyk


Ds Hanri Reichel


Ds Paul van Jaarsveld


Ds Lana van Rensburg


Dr Hennie Botes

Proponentsondertekeningsformule soos volg gewysig word: *Ek verklaar hiermee dat ek die leer wat uitgedruk is in die formuliere van eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls van harte onderskryf en dat ek daarvan vas oortuig is en glo dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God. Ek beloof om in hierdie leer te volhard en my in my verkondiging hierdeur te laat lei. Ek beloof om my te hou aan die Kerkorde* ***en die Etiese Kode*** *van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. By oortreding daarvan sal ek my onderwerp aan die oordeel van die bevoegde kerklike vergaderings.* Die Kommissie bevestig dat alle predikante aan die Etiese Kode van die Kerk gebind is, al het hulle dit nie by legitimasie onderteken nie.

- Die volgende **beroepafwagtende predikante** se aansoek om **behoud van ampsvoorreg** word goedgekeur:
  Prop PJ Bloem
  Ds JS Botha
  Prop KN Guest
  Ds Y Kruger
  Ds W Lötter-Matthee
  Ds A Meiring
  Ds A Rossouw-Lombard
  Ds LJ van der Linde
  Ds C van der Merwe
  Ds MJ van der Westhuizen
  Ds SH Willers

- Die volgende **nie-diensdoende predikante** se aansoek om **behoud van ampsvoorreg** word goedgekeur:
  Ds D Bester
  Ds J Dippenaar
  Dr AE Dreyer-Krüger
  Ds MM du Plessis-Manders
  Ds JH Engelbrecht
  Ds MM Van der Merwe

- Die volgende predikante se **ampsvoorreg** is **opgehef**:
  Prop CD du Toit
  Ds P Eksteen

- Die Kommissie stem in tot **ds JA Jansen van Rensburg** se versoek om **losmaking met behoud van ampsvoorreg** op 31 Desember 2025 van Gemeente Emmaus Kenleaf.

- Die Kommissie verleen op 31 Desember 2025 emeritaat aan **ds S van Schalkwyk**.

- Die Kommissie stem in tot **ds H Reichel** se versoek om **losmaking met behoud van ampsvoorreg** van Gemeente Van Warmelo op 30 Oktober 2025.

- Die Kommissie neem kennis van die beroep wat **ds PA van Jaarsveld** na die NG Gemeente Magalieskruin aanvaar het.

- Die Kommissie stem in dat **ds L van Rensburg** met **behoud van ampsvoorreg** van Gemeente Koedoesrand **losgemaak** word op 28 Februarie 2026.

- Die Kommissie neem kennis van die ontbinding van **Gemeente Amsterdam**.

- Die Kommissie neem met instemming kennis dat **dr HJ Botes** met die bediening in **Gemeente Buffelspoort** voortgaan.

- Die Kommissie neem met waardering kennis van die samewerkingsooreenkoms tussen **Gemeentes Glencoe en Newcastle**, en die beroep van 'n predikant. **Prop Carien Janeke** word op 4 Januarie 2026 in die gemeente georden en bevestig.

- Die Kommissie neem met waardering kennis van die samesmelting van **Gemeentes Noordelike Pretoria en Wonderboompoort** op 2 November 2025.

- Die Kommissie neem met waardering kennis van die samesmelting van **Gemeentes Rustenburg Jac van Belkum en Rustenburg-Suid** op 14 September 2025.

- Die Kommissie besluit dat die **Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)** onder die HTK sal ressorteer en dat die kerklike dosente aan die HTK die redaksie van die tydskrif sal vorm.

- Die Kommissie bekragtig die **vergaderdatums** vir die komende jaar:

  **Kommissie van die AKV**
  5 en 6 Maart
  4 en 5 Junie
  3 September (legitimasie)
  4 September
  12 en 13 November

  **Moderamen**
  6 Februarie
  10 April
  8 Mei
  24 Julie
  16 Oktober



Ds David Barnard

- Die nuutverkose Kommissie van die AKV se **bosberaad** vind vanaf 14 tot 17 Januarie 2025 plaas.



Dr Annelie Botha

- Die Kommissie wys **ds D Barnard** as **redakteur van *Die Hervormer*** aan.

- Die Kommissie wys **dr A Botha** as **redakteur vir die *Bybelse Dagboek***, en **dr GCJ Nel** as **redakteur van die *Almanak*** aan vir die termyn van die volgende drie jaar.

- **Die plek en logistieke reëlings van die AKV** het besonder vlot verloop. Die Kommissie spreek hul waardering uit teenoor **Gemeente Midstream Familiekerk**, en Doxa Deo as gasheer van die AKV, en teenoor die personeel van die **Sinodale Dienssentrum** vir hul beplanning en werk.



Dr Gerhard Nel

- Die Kommissie versoek die skribaat om gesprekke met die Moderamen te reël vir predikante en gemeentes wat 'n aantal **Algemene Kerkvergaderings** nie bygewoon het nie. Dit is baie belangrik dat al die predikante en gemeentes van die Kerk getrou die AKV sal bywoon. Gemeentes word daarop gewys dat hulle oor 'n periode van drie jaar moet **beplan en begroot vir die bywoning van die AKV.**

- Die Kommissie wys die volgende persone aan om vir die volgende termyn op die **Komitee vir Diakonaat** te dien:
  Dr SM de Beer
  Diak Wilna Gates
  Dr MJ Jansen van Rensburg
  Diak Otto Nel
  Diak Andries Pretorius
  Ds GPJ Stoltz (sekretaris vir Diakonaat)
  Diak Mac van Zyl



Dr Christo Pretorius

- Die Kommissie benoem **dr C Pretorius** om in sy persoonlike hoedanigheid as direkteur van Ons Tuis (NWO) te dien.

- Die Kommissie keur die NHSV se versoek goed dat die **deurkollekte** van die **tweede Sondag in Februarie vir 2026, 2027 en 2028** gebruik kan word vir die aanvulling

van die **NHSV se Studieleningsfonds**, en spreek hul dank en waardering uit vir die kosbare werk wat die NHSV doen.

- Die Kommissie wys die volgende persone aan as lede van die **Raad van Finansies**:
  Ds S Oxton
  Oudl Fred Paynter (sr)
  Oudl Gert van Wyk
  Ds IJ Vogel
  Oudl Paul Vorster

  Die volgende persone word as sekunduslede aangewys:
  Me Ismarie Kirsten
  Me Adele Strydom

  Die Kommissie wys ds CEC Hertzog aan as hul verteenwoordiger op die Raad van Finansies.

  Die Raad van Finansies kan kundige persone koöpteer. Oudl Hannes Combrink, voormalige voorsitter van die Raad van Finansies, kan vanweë sy kundigheid en historiese geheue ’n baie waardevolle bydrae tot die werk van die Raad van Finansies lewer.

- Die Kommissie verneem vriendelik of daar lidmate met ’n goeie kennis van die brontale van die belydenisskrifte (Latyn, Duits, Frans, Nederlands) is wat aan die **vertaling van die Belydenisskrifte** sou kon deelneem.

- Neem asseblief kennis dat **dr André Ungerer** se e-posadres verander na: **andre@nhk.co.za**.

## Werkgeleenthede

- **Gemeente Namibkus** (wat Hentiesbaai, Swakopmund en Walvisbaai bedien) nooi ’n predikant of proponent van die Kerk om van **30 November 2025 tot 11 Januarie 2026** in die gemeente te preek en krisisgevalle te hanteer terwyl hul predikant met langverlof is. **Gratis verblyf** word verskaf vir die besoekende predikant en gesin in ’n ruim drievertrekwoonstel, en die gemeente sal ’n **reiskostebydrae** gee vir die reis na en van Namibië. Kontak **ds Leon Janse van Rensburg** so spoedig moontlik vir meer inligting by **+264 81 128 5169 of leonjvr@iway.na**.

## Kerklike en ander publikasies








- Die **Kerkkalender vir 2026** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare

vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.



## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.

## ’n Gedig

**Ek kan jou trane nie afdroog nie**

ek kan jou trane nie afdroog nie
maar ek kan saam met jou huil
ek kan jou nie optel nie
maar ek kan langs jou kom kniel
ek kan vir jou nie antwoorde gee nie
maar ek kan luister na jou vrae
ek kan jou nie gesondmaak nie
maar ek kan seerkry as jy ly
ek kan jou woede nie stilmaak nie
maar ek kan ruimte maak vir jou storm
ek kan jou nie keer as jy wil weggaan nie
maar ek kan vir jou wag as jy terug sou wou kom
ek kan jou nie heelmaak nie
maar ek kan saam met jou veg teen dit wat jou wil breek
ek kan jou lied nie skryf nie
maar ek kan jou redes gee om te sing
ek kan jou nie peil nie
of stuur nie
of dwing nie
of definieer nie
maar ek kan jou liefhê

**Koos van der Merwe**
https://web.facebook.com/kooskunstenaar

## Fondsinsamelings







- Die ***Rata Ride for a Child***-span durf binnekort twee monsters aan – die Munga-ultramaraton vir bergfietsryers (**1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington** van 26 November tot 1 Desember in **5 dae** deur die moordende Karoo) én die monsteromstandighede (verwaarlosing, mishandeling, molestering) waarin so baie van ons kinders vasgevang is. Sien jy kans om die Munga te ry en duisende kinders se veiligheid te help verseker? Of sien jy kans om die span en Rata te help om dit namens jou te doen? Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil die span R1 000 000 insamel – 1 000 individue of instansies wat elk R1 000 skenk.

  **Elektroniese betalings:** Rata Maatskaplike Dienste MSWA
  BSA tjekrekeningnommer: 020 600 209, Takkode: 632005
  Verwysing: RataMunga2025 + Naam
  Kredietkaart skakel: **https://pay.yoco.com/rata-social-services-npc**
  Klik ***hier*** vir meer inligting.
  Skandeer die Zapper-kode hiernaas met jou banktoep of Zapper om 'n donasie te maak.

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van 'n heerlike harepamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir ses persone ter waarde van R16 000.

  Daar is twee maniere om deel te neem:
  - Koop direk by Susan la Grange.
  - Jy kan ook jou kaartjie via WhatsApp by 072 636 8001 (Susan) bestel. Jy sal 'n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjienommer as verwysing.

Bankbesonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, rekeningnommer 033358346, takkode 052752.

Die trekking vind op **30 November** plaas!










## Toerusting




## Studentesake

- **NHSV Studieleningsfonds 2026**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm vir 2026 kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2026.**




## Barmhartigheid

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in 'n rustige omgewing naby 'n winkelsentrum en kliniek.
    - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
    - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
    - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

  Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel **suster Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000
    - 1½-slaapkamer te huur teen R6 800 maandeliks

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

O God, my God.
Daar is geen ander soos U nie.
Ja, U is die begin en die einde
en sonder u asem in my is ek niks meer as ’n stofkorreltjie nie.
U gee lewe. U is die Sterke en Almagtige.
Dis U wat my staande hou as die storms om my woed.
Sonder U kruip ek agter my bed weg en bewe my broek vir die kleinste stukkie geraas.
Agter U skuil ek voortdurend.
Aan U kom al die eer toe, nou, môre tot aan die einde.
Amen.

(https://kruispad.com/om-vir-god-dankie-te-se/)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger